HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 25 VAN 2021

25 Junie 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerder

Kovid

Nes die hele Gauteng is ons skool en sy gemeenskap ook in die middel van die derde vlaag van die verspreiding van die Kovid-virus vasgevang. Ons verneem daagliks van huishoudings waar Kovid teenwoordig is en ons bede is met elkeen van hierdie huise dat spoedige herstel en beterskap sal volg.

Ons nuutste Kovid-verspreidingstabel word vir u inligting wéér gewys. In die pas afgelope week was daar daagliks een of twee nuwe Kovid-positiewe gevalle by die skool. Dit is heelwat minder as die vorige week.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		Junie					Junie				Junie				
Datum		7	8	9	10	11	14	15	17	18	21	22	23	24	25
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	5	5	6	6	6	9	10	10	10	12	12	12	12	12
	Herstel van Kovid-19	4	4	4	4	4	5	5	5	5	6	6	7	7	9
	Netto Kovid-19-aktief in solasie	**1**	**1**	**2**	**2**	**2**	**4**	**5**	**5**	**5**	**6**	**6**	**5**	**5**	**3**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe persoon	1	1	2	3	3	4	3	4	4	1	2	3	6	5
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	1	1	1	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	22	23	23	25	26	35	37	47	48	52	55	56	59	60
	Herstel van Kovid-19	15	15	16	16	16	16	20	21	21	28	32	33	34	37
	Netto Kovid-19-aktief in solasie	**7**	**8**	**7**	**9**	**10**	**19**	**17**	**26**	**27**	**24**	**23**	**23**	**25**	**23**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe persoon	29	46	55	0	0	0	0	8	10	18	6	16	9	1
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	2	3	2	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	27	28	29	31	32	44	47	57	58	64	67	68	71	72
	Herstel van Kovid-19	19	19	20	20	20	21	25	26	26	34	38	40	41	46
	Netto Kovid-19-aktief in solasie	**8**	**9**	**9**	**11**	**12**	**23**	**22**	**31**	**32**	**30**	**29**	**28**	**30**	**26**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe persoon	30	47	57	3	3	4	3	12	14	19	8	19	15	6
	Komorbiditeit afwesig	2	3	2	0	0	0	1	1	1	0	0	0	0	0

Ons vooruitskatting wys dat ons vanaf volgende week ’n afname in Kovid-positiewe gevalle kan wys en hoop dat daardie afname ’n nuwe tendens sal word. Heelwat verpligte isolasietydperke van tien dae loop hierdie naweek ten einde. Die nuutste projeksie met ’n aanname van nul nuwe gevalle per dag word deur die **groen** lyn gewys.



Soos elke week moedig ons almal aan tot versigtige en uiters verantwoordelike optrede om die verspreiding van die virus te help bekamp. Ons almal weet wat om te doen en wat om nie te doen nie.

Eksamen

Ons eksamen verloop onder omstandighede goed. Baie leerders is in isolasie en sonder simptome en kom skryf daagliks eksamen in die isolasielokaal waar ekstreme sosiale afstande en saniteringsmaatreëls toegepas word. Daar is vandag bykans 40 leerders wat in die sportsentrum kom skryf en ons is dankbaar dat ons fasiliteite ons die kapasiteit gee om hulle in isolasie te hanteer. Ons kon ook die rooster só wysig, om te verseker dat daar nooit meer as 50 leerders in ’n lokaal eksamen skryf nie.

Personeel

Ons beleef ook tans heelwat personeelafwesighede waaronder aktiewe positiewe Kovid-gevalle en ook ’n hele paar wat in self-isolasie is na kontak met familie of vriende wat positief getoets het.

Hoërskool Randburg het ten volle ingeskakel by die Departement van Onderwys se dryf om alle opvoeders teen Kovid-19 te laat inent. Die entstof is reeds aan meer as 20 van ons personeel toegedien en, as alles goed verloop, sal ons die proses in volgende week voltooi.

Mev. Izelle Stevenson het aan ’n pragtige babaseuntjie, Simon, geboorte geskenk. Ons gelukwense aan haar en haar man met die eersteling en ons wens hulle gesondheid, vreugde en voorspoed toe. Dit gaan goed met klein Simon.

Slot

Dankie vir al die samewerking wat die skool van ons ouers, leerders en personeel geniet. Almal se begrip en geduld dra ons in hierdie moeilike tye. Ons sal ook hierdie derde vlaag van verspreiding met grasie deurloop en sterker wees met nuwe kennis en ervaringe wat ons daagliks toerus om môre beter te doen as vandag.

Vriendelike groete en bly veilig.

P BOOYSEN: Hoof